WYNLAND WATERGEBRUIKSVERENIGING

Notule van ‘n Algemene Jaarvergadering gehou te Stellenbosch Gholfklub op 11 Desember 2018 om 10:00.

VERWELKOMING

Die Voorsitter, **mnr Jan Coetzee** heet al die lede teenwoordig welkom. Mnr Coetzee heet in besonder vir prof Kobus du Plessis asook Adelize Fourie van Vinlab en haar span baie welkom.

VERSKONINGS EN KONSTITUERING

Geen verskonings van lede wat nie die vergadering kan bywoon word uit die vergadering ontvang nie en die Voorsitter verklaar hierna die vergadering as behoorlik gekonstitueer.

NOTULES VAN ALGEMENE JAARVERGADERING – 7 Desember 2017.

Na ‘n oorsigtelike bespreking van die vorige jaar se notule word 'n voorstel van goedkeuring deur mnr Johan Conradie deur mnr Francois Malan gesekondeer.

FINANSIëLE VERSLAG

Mnr Frans Weilbach en me Krishka Faber van PwC word deur die vooorsitter verwelkom. **Mnr Frans Weilbach** is aan die woord en fokus op verskeie hoogtepunte van die Watergebruikersvereniging se afgelope finansiële jaar.

Mnr Weilbach noem dat, alhoewel die Vereniging nie ten doel het om wins te maak nie, die totale surplus van die vereniging R5.2m beloop teenoor die R3.9m van die vorige finansiële jaar. Een van grootste bydraende faktore was die groot afname in elektrisiteitkoste (byna 32%) as gevolg van die minder water wat die afgelope seisoen gepomp kon word as gevolg van die streng waterbeperkings van die afgelope seisoen.

Die inkomstestate van die Vereniging word bespreek en vergelyk met die state van die vorige finansiële jaar. Die uitgawes van die Vereniging word grafies aan die vergadering gewys en toon dat die verhouding van die uitgawes nie veel verander het oor die afgelope paar jaar nie.

Die inkomste en uitgawes van die onderskeie subdistrikte word hierna meer breedvoerig bespreek.

Die balansstaat van die Vereniging word opsommend bespreek en daar word verwys na die verhouding van die Kapitaal en Reserwe teenoor Lenings wat 99.2% beloop. Die lenings van beide die Stellenbosch en Helderberg subdistrikte is reeds ten volle afgelos. Die vaste bates van die Vereniging beloop tans R24m teenoor die R25m van die vorige jaar. Die afname is slegs as gevolg van waardevermindering volgens ons rekenkundige beleid. Die kontant en kontant-ekwivalente beloop tans net meer as R85m.

Mnr Weilbach verduidelik dat die verhouding tussen bates en laste van kritieke belang is vir enige organisasie en dat daar na 'n verhouding van 2:1 gestreef word. Die verhouding tussen bates en laste van die Vereniging staan tans op 95:1!

Die balansstate van die onderskeie distrikte word hierna ook breedvoerig bespreek en aan die vergadering verduidelik.

Mnr Weilbach noem verder dat die Vereniging se boeke weer soos vorige jare geoudit is en na ‘n paar algemene opmerkings word 'n skoon oudit aan die vergadering verklaar. Hy noem verder dat die Raad se finansiële prosedure baie gesond is en die samewerking gedurende die oudit prosedure weereens prysenswaardig was. Die state soos voorgehou aan die vergadering word so aanvaar en gesekondeer. (Volledige finansiële verslae beskikbaar op www.wynlandwater.co.za)

Mnr Weilbach en sy span word deur die voorsitter bedank vir hul bydrae en diens deur die afgelope jaar.

VOORSITTERSVERSLAG

Ter inleiding van die Voorsittersverslag, bedank mnr Coetzee al die lede wat die moeite gedoen het om vandag die vergadering by te woon.

Mnr Francois Malan is gevra oor sy siening en ervaring van die huidige droogte met die vergadering te deel: Hy noem dan dat hy in die jaarverslag van 2013 die volgende te sê gehad het: "*ons kom sekerlik uit die natste winter in my leeftyd – ek het reeds meer as 1 000 mm reënval gemeet. Hierdie winter sal nog lank onthou word. Selfs gedurende November is meer as 100 mm gemeet en Somerset-Wes Mediclinic het oorstroom en pasiënte is gevolglik ontruim."*

Hy noem dat hy nou onlangs by Theewaterskloof was, en alhoewel dit baie beter lyk as verlede jaar, is die dam nog baie ver van vol. Dit is 'n bewys van hoe vinnig die seisoene kan verander. Die skenking van 10 miljoen m3 water van Groenland Watergebruikersvereniging aan Kaapstad het die beeld van Lanbou 'n aansienlike hupstoot gegee.

Mnr Malan vertel dat hy gedurende die huidige droogte 'n paar nuwe woorde soos 'grys water' en 'dag zero' leer ken het. Die droogte het ook 'n groot uitwerking op toerisme wat die plaaslike ekonomie kan knou. Weens die droogte is tuine verdor, grasperke het gevrek en sekere wingerde moes noodgedwonge hierdie seisoen sonder besproeiing klaarkom. Dit het groot verliese tot gevolg gehad en die oes was dan ook ongeveer 15% kleiner.

Ons het egter almal baie meer water bewus geraak en baie van die water besparingsmaatreëls is hier om te bly. Baie meer mense 'harvest' deesdae reënwater en 'n onbekende aantal boorgate is ook afgelope jaar of twee gesink - die effek hiervan op ons ondergrondse bronne is egter nog 'n onbekende.

Hierna stel die Voorsitter vir professor Jakobus du Plessis aan die vergadering voor. Professor du Plessis is verbonde aan die Departement van Siviele Ingenieurswese - Hidrologie en Omgewingsingenieurswese.

EFFEKTIEWE EN VOLHOUBARE WATERBRON BESTUUR

Ter inlyding vertel **prof Jakobus du Plessis** dat hy 'n boorling van Koekenaap is, werksaam is op Stellenbosch en woonagtig op Moorreesburg.
Hy noem verder dat dit vir hom 'n groot voorreeg is om vandag met die landbou gemeenskap te kan praat, 'n omgewing waar dit so maklik is om negatief te raak, maar ook een van vele geleenthede, ons moet dit net kan sien en gebruik.

Kobus du Plessis praat oor die waterkrisis en noem dat dit opvallend is hoe vinnig die landbou sektor op 'n krisis reageer. Dit is egter steeds kommerwekkend dat die meeste van die aksies reaktief en nie pro-aktief is nie. Hy bespreek verder die afgelope paar jaar se reënvalsyfers en noem dat 2012 en 2016 baie goeie jare was. Die hoeveelheid reën wat ons kry is onvoorspelbaar en verander gedurig en ons moet daarby aanpas. Volgens Du Plessis het die berugte 'Dag Zero' veldtog die gewenste uitwerking gehad - alhoewel weereens reaktief. Almal, selfs die res van die wêreld, was egter deeglik bewus van die krisis - maar: is die droogte nou verby?

Hy verwys voorts na die 'All Town Studie' wat voorspel dat ons Munisipaliteite in die volgende 5 - 10 jaar met groot tekorte gaan sit. Die grootste rede is die tekort aan siviele ingenieurs en die nodige kundigheid. Kapasiteit in plaaslike owerhede is van kardinale belang. Hy is van mening dat die huidige staatsinstellings net kan 'bestuur' en nie daartoe in staat is om die besluite tot uitvoering te bring nie, iemand anders moet dus aangestel word om dit te doen.

Die rol van plaaslike bestuurinstellings soos die CMA's en WGV word bespreek asook die verantwoordelik van elkeen van ons om betrokke te raak en deel te wees van die oplossing. Alhoewel die voorgestelde CMA's 'n baie belangrike rol het om te vertolk in plaaslike waterbestuur, het ons tans slegs twee agentskappe wat funksioneel is. Weereens 'n toonbeeld van die Departement se onvermoë om besluite tot uitvoering te bring.

Dit is daarom ook belangrik dat die Watergebruikersverenigings 'n aktiewe rol moet speel en hul insette is baie belangrik. Alhoewel water bestuur in die WCWSS nie so eenvoudig is nie, is hy van mening dat dit baie doeltreffend in die Wes-Kaap gedoen word. Dit is ook opvallend dat die huidige droogte nie die ergste die afgelope 100 jaar is nie en die gemiddelde jaarlikse reënval oor hierdie periode, soos gemeet by die Steenbrasdam, het redelik konstant gebly. Hy is van mening dat droogtes altyd met ons sal wees en dat ons sal moet aanpas en begin om alternatiewe bronne te gebruik.

Du Plessis noem ook dat goeie en korrekte data noodsaaklik is om ons in staat te stel om ingeligte besluite te neem. Vir hom, as navorser, bring die onderwerp van klimaatsverandering egter meer vrae as antwoorde na vore.

Na die beantwoording van 'n paar vrae vanuit die vergadering beklemtoon prof Du Plessis dat dit van kardinale belang is dat ons oplossings pro-aktief moet wees en, indien die Departement van Water en Sanitasie dit nie kan doen nie, sal ons dit self moet doen!

Adelize Fourie van Vinlab sê dat water in ons land 'n baie skaars hulpbron is en dat ons ons bronne optimaal moet bestuur. Vinlab het al die nodige kennis en kapasiteit om gebruikers by te staan met ontledings en riglyne. Die wynbedryf is afhanklik van vinnige ontledings om hul in staat te stel om die regte besluite te neem. Die droogte het die wynbedryf genoodsaak om van ander bronne gebruik te maak en dit is dus baie belangrik dat hierdie alternatiewe bronne ontleed moet word.

Mnr Duimpie Baily bedank vir prof Kobus du Plessis vir 'n baie interessante (en soms ingewikkelde) praatjie. Hy noem ook hoe beduidend dit is dat alles so vinnig kan herstel na 'n droogte.

VERKIESING VAN BESTUUR

Die volgende lede is tot die bestuur verkies of herkies:

Distrik / District	***Uittredende lid***	***Nuwe nominasie / New nomination nomination***
Stellenbosch Distrik	*Francois Malan*	*Geen nuwe nominasie - deur die vergadering herkies*
	Jannie Joubert	*Geen nuwe nominasie - deur die vergadering herkies*
Helderberg Distrik	*Tjuks Roos*	*Geen nuwe nominasie - deur die vergadering herkies*
	Jan Coetzee	*Geen nuwe nominasie - word as Voorsitter herkies*
Eersterivier Distrik	*Roelie Joubert*	*Geen nuwe nominasie - deur die vergadering herkies*
Landbou (Elsenburg)	*André Roux*	*Ashia Petersen*
Stellenbosch Mun	*Dries van Taak*	*Adriaan Kurtz*

AFSLUITING

Mnr Jan Coetzee bedank almal vir hul belangstelling en teenwoordigheid en beklemtoon dat daar altyd staatgemaak kan word op almal se goeie samewerking. Hy noem voorts dat ons deur 'n baie moeilike tyd is en dat die bestuur 'n eenmalige prestasie bonus aan die personeel toegeken het. Die vergadering bekragtig hierdie gebaar.

Al die lede teenwoordig word uitgenooi om 'n paar verversings saam te geniet. Hierna word die vergadering verdaag.

WYNLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING – BYWONINGSREGISTER JAARVERGADERING 11 Desember 2018

NAAM	Stellenbosch/Helderberg Eersterivier/Ander	E-POS ADRES	HANDTEKENING
M STUTTAFORD	HELDERBERG	dtiekop@iafrica.com	
F. J. Malan	Stellenbosch	fmalan@simonsig.co.za	
Jaco vd Westhuizen	Stellenbosch	Jacovdw@groupisp.com	
K. HARMS	Stellenbosch	jhkharms@gmail.com	
J.H.K. HARMS	Stellenbosch	" "	
J.G. WILLIAMS	STBOSCH	PETER OLYF BOOM@ Com	
Z.J. van Deventer	Stell.		
Christel Liebenberg	Stellenbosch.	christel@peridot.co.za.	
ANDREW SAMPSON	HELDERBERG	andrew@dieudonne.cc	
Piet Carinus	Stellenbosch	fmk@adept.co.za	
Orlando Filander	Eersterivier	orlandof@spier.co.za	
Duke Jephtha.	DWS	JephthaD@dws.gov.za	
Annelize Moses	DWS	mosesa@dws.gov.za	
Lydia van Rooyen	WILDLANDS, Stell.	lydiavr@wildtrust.co.za	
Lina Keyter	Stellenbosch	lina@agriacademy.co.za	
Derril Daniels	DEPT. OF WATER & SANITATION	danielsd@dws.gov.za	
Marzaan Fourie	Helderberg + Eersterivier	marzaan.fourie@abreal.co.za	
Paul Roux	Vlottenburg	paul@vlottenburg.co.za	
ADRIAAN KURTZ	STELL MUN WATERDIENSTE	adriaan.kurtz@stellenbosch.gov.za	
Selwyn Hendricks	Stellenbosch.	selwynhendricksh@gmail.com	
Johan le Roux	Stellenbosch	johan@six33.co.za	
C BLAKE	Stellenbosch		
de Waal Koch	Stellenbosch	stonewall@mweb.co.za	
SIMON GRIER	STELLENBOSCH	accounts@villiera.com	
Raymond Loftie-Eaton	STELLENBOSCH	raymond@trees-sa.co.za	
Roelie Joubert	EERSTE RIVIER	viticulture@meerlust.co.za	
Nadine Hennig	Stellenbosch	nadine@vinlab.com	

WYNLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING – BYWONINGSREGISTER JAARVERGADERING 11 Desember 2018

NAAM	Stellenbosch/Helderberg Eersterivier/Ander	E-POS ADRES	HANDTEKENING
Adelice Fourie	Stellenbosch	adelice@vinlab.com	A Fourie
MURRAY BOUSTRED	STELLENBOSCH -	murray@remhoogte.co.za	
Dumpie Bayly	EERSTERIVIER	bebayly@adept.co.za.	
Willie Joubert	Stellenbosch	willie@skilpadvlei.co.za	
Quinton Brynard.	WWGV.		
Jan Coetzee.	"		
Hennie Nortjé	"		
Kobus du Plessis	Univ. Stel.		